SOLIDARITEIT
SOLIDARITY

# Solidariteit-begrafnisbystand

Die Solidariteit-begrafnisbystand is tweeledig:

1. Lede kan van AVBOB gebruik maak, waar die lid dan kwalifiseer vir 'n kis en dienste binne die groepskema (bepalings en voorwaardes geld).
2. Indien 'n lid sou besluit om nie van AVBOB gebruik te maak nie, sal AVBOB 'n kontantuitbetaling aan die lid maak volgens 'n vooraf opgestelde glyskaal:

| Beskrywing | Bedrag |
|---|---|
| Hooflid | R5 500,00 |
| Gade (1) | R5 500,00 |
| Kind (14-21) | R5 500,00 |
| Kind (6-13) | R3 750,00 |
| Kind (1-5) | R3 740,00 |
| Doodgebore baba | R2 000,00 |




### Wie kwalifiseer vir die begrafnisbystand?

Alle volopbetaalde lede van Solidariteit in die volgende kategorieë:

1. **Kollektiewe lede:** Lede in diens van 'n werkgewer met wie Solidariteit 'n erkenningsooreenkoms het, of wat werksaam is by 'n werkplek wat deur Solidariteit as kollektief ingedeel is. Kollektiewe lede, ongeag ouderdom, kwalifiseer vir die voordeel.
2. **Individuele lede:** Lede wat by aansluiting jonger as vyftig (50) jaar was en by 'n werkgewer werk wat nie deur Solidariteit as kollektief ingedeel is nie.

### Wie kwalifiseer nie vir die begrafnisbystand nie?

1. Ondersteuningslede van Solidariteit, dit wil sê individuele lede wat by aansluiting ouer as vyftig jaar (50 jr.) was.
2. Onopbetaalde lede (d.w.s. lede wie se ledegeld agterstallig is).

## Alles wat jy móét weet:

- Solidariteit-lede kan AVBOB direk kontak om die begrafnisbystand op te neem.
- Indien jy nie van AVBOB gebruik maak nie, is jy geregtig op 'n kontantuitbetaling wat deur AVBOB gefasiliteer word.
- Die voordeel is vir die lid self, sy/haar huweliksmaat, asook twee afhanklike kinders tot voor bereiking van die ouderdom van 21 jaar.
- 'n Begrafnis van hoogstaande gehalte word verskaf. AVBOB het 'n reeks gewone grootte asook oorgrote kiste wat binne die groepskema val. Alle kiste is geskik vir verassings.
- Die begrafnis vir 'n lid se afhanklike kinders is van dieselfde gehalte as dié vir volwassenes, en so ook die kiste wat beskikbaar is.
- Die begrafnisdiens word deur AVBOB in die landdrosdistrik van afsterwe behartig. In die geval waar AVBOB nie 'n kantoor in die distrik van afsterwe het nie, moet die naaste AVBOB-tak gekontak word.
- Ná afsterwe van die hooflid kan 'n huweliksmaat / genomineerde gade aansoek doen om as lid aan te bly.




## Watter kostes word gedek?

- Verwydering van die oorskot na ons ondernemer se perseel (binne en na ure);
- Berging en versorging van die oorledene; voorsiening van ondernemersdienste;
- Registrasie van die dood;
- Lewering van die ondernemersdienste en ook alle plaaslike telefoonoproepe gemaak deur ons ondernemer;
- Verskaffing van 'n kis – jy het 'n keuse van kiste en kan ook op 'n kis buite die groepskema besluit;
- Sou die familie verkies om op te gradeer na 'n kis buite die groepskema, sal die bykomende bedrag vir hul rekening wees;
- Verassingsdienste indien die lid dit sou verkies in plaas van 'n begrafnis. Pryse vir Solidariteit-lede is vasgestel soos ooreengekom met ICSA;
- Gebruik van kapel indien beskikbaar en binne kantoor-ure;
- Graveer van die naamplaat wat op die kis kom;
- Verskaffing van tot 50 standaard begrafnisbiljette. Indien meer as 50 begrafnisbiljette benodig word, sal addisionele kostes vir ekstra biljette vir die familie se koste wees;
- Administrasiekoste, plus BTW van 15% op die totale koste van die begrafnis; en
- Gebruik van die lykswa, grastapyt en aflaatmasjien; gratis vervoerkoste vir die eerste 80 km, vanaf die takkantoor van AVBOB.

## Watter kostes word níe deur die Solidariteit-kontrak gedek nie?

- In die geval van 'n konvensionele begrafnis, die munisipale kostes (aankoop; oopmaak; grawe en toegooi van graf);
- In die geval van 'n verassing, die koste van die kremasieproses self, asook doktersgelde en die askissie vir die as van oorledene;
- Blomme op die graf / kisruiker, en ook die roosblare by die graf of verassingsdiens;
- Begrafnisprogramme waar meer as 50 benodig word, plus BTW. Daar is addisionele kostes indien kleur en/of foto's gebruik word;
- Kerkkostes: gebruik van kerkgebou(e), dominee, koster en orreliste;
- Addisionele kostes vir dienste op Sondae en openbare vakansiedae;
- Huur van busse vir begrafnisgangers, huur van motors vir die gesin/familie;
- Addisionele vervoerkostes indien verder as 80 km;
- Fooie vir die verwydering en versorging van die oorskot gedoen deur ander begrafnisondernemers;
- Verwydering van organe – indien die oorledene 'n orgaanskenker was of in geval waar die longe weggestuur moet word vir ontleding; en
- Begrafnisse buite die grense van Suid-Afrika word nie gedek nie.



## Wat moet jy weet as jy 'n verassing oorweeg?

1. In die meeste gebiede is die verassingsfooi self (wat nie deur die ondernemer beheer kan word nie omdat die krematorium óf in munisipale óf in private besit is) duurder as die grafkoste.
2. 'n Verassing het ook addisionele doktersfooie wat gehef kan word.

## Wat moet gedoen word na 'n sterfgeval?

Skakel asb. u:

- huisdokter;
- predikant; en/of
- familielid of vriend(e) om u by te staan.
- Maak seker dat u in besit is van 'n rekenaargedrukte huweliksertifikaat vóór die dood van die oorledene by Binnelandse Sake geregistreer word.
- Jou naaste AVBOB-tak moet geskakel word om die liggaam af te haal – deel hulle pertinent mee dat dit 'n Solidariteit-begrafnis is.

## Wat gebeur met die inhaal van die liggaam?

- AVBOB sal die liggaam van die oorledene verwyder na hulle perseel.
- Daar sal die liggaam versorg en geberg word tot en met die begrafnis of verassing.